Mondstuk van die Suid-Afrikaanse aartappelbedryf • Mouthpiece of the South African potato industry

# CHIPS

VOL 35 NO 01 • JANUARY / FEBRUARY 2021



## BESPROEIINGSBESTUUR VIR OPTIMALE AARTAPPELPRODUKSIE

## MINIMUM WAGE INCREASE AND THE POTATO INDUSTRY

Die ekonomiese impak van 2020 op varsproduktemarkte

Oranjeville en Ceres kultivar-evaluasies onder die vergrootglas

Sebenzangamandla on its way to reach commercial status



# 'n Natuurlike fontein op my grond: Maklike stroom van inkomste?

Dit klink na die ideale manier om 'n ekstra inkomste te verdien – 'n kommoditeit wat by die dag skaarser raak, borrel van onder jou grond op en al wat tussen jou en sakke vol geld staan, is om dit te verpak en op die mark te plaas. Maklik, of hoe?

Ongelukkig is dit nie so eenvoudig nie. Die gebruik van ondergrondse water word deur verskeie wetgewing en regulasies beheer. Indien jy nie daaraan gehoor gee nie, kan dit jou duur te staan kom en die wins uit jou fontein in 'n oogwink laat opdroog.

Nie net is daar verskeie wetgewende en regulatoriese raamwerke om deur te klim nie, maar die Departement van Water en Sanitasie, Gesondheid, én die van Omgewingsake en Ontwikkeling word ook by die besigheid van die ontginning en verkoop van fonteinwater betrek.

## Watergebruikslisensies

Enige persoon of entiteit (die ontginner) wat fonteinwater wil ontgin, moet éérs 'n watergebruikslisensie, wat ingevolge die *Nasionale Waterwet, 1998 (Wet 36 van 1998)* uitgereik word, bekom. Aansoekvorms vir dié lisensie kan op die Departement van Water en Sanitasie se webtuiste afgelaai word en daarna moet die uitgedrukte en voltooide vorms by die naaste streekskantoor ingedien word.

Die aansoekproses is lywig en behels verskillende fases. Die aansoeker moet heelwat ondersteunende dokumentasie saam met die aansoek indien. Dit sluit onder meer 'n tegniese verslag in wat deur 'n kundige, op die onkoste van die aansoeker, opgestel moet word.

Ontginners moet ook daarop let dat watergebruikslisensies slegs aan 'n spesifieke persoon of entiteit, vir 'n spesifieke doel, en met betrekking tot 'n spesifieke waterbron, uitgereik mag word. Dit beteken dat die lisensies nie saam met die stuk grond waarop die bron geleë is verkoop kan word nie, en dat elke nuwe eienaar vir sy of haar eie lisensie moet aansoek doen.

> Die besigheid van ontginning en verkoop van water is uiters ingewikkeld en die ontginner moet deeglik aan die regulatoriese raamwerk gehoor gee ten einde te voorkom dat boetes opgelê word en daar onnodige regsgedinge ontstaan.

Indien die voornemende ontginner beplan om die water te verkoop, sal hy of sy vir 'n watergebruikslisensie wat spesifiek toelaat vir die ontginning van water met die oog om dit te bottel en te verkoop, moet aansoek doen. Selfs al het die ontginner reeds 'n lisensie vir, byvoorbeeld, besproeiing, is verdere toestemming vir die ontginning van water om dit te bottel en te verkoop, nodig.

## Die volgende stap

Aangesien daar beplan word om die water vir menslike gebruik te verkoop, word dit ingevolge die *Wet op Voedingsmiddels, Skoonheidsmiddels en Ontsmettingsmiddels, 1972 (Wet 54 van 1972)* as voedsel geklassifiseer. Gevolglik moet die water aan die vereistes van hierdie wet voldoen.

Die wet onderskei tussen drie soorte water wat vir menslike inname geskik is en bepaal, onder andere, wat die chemiese en minerale-samestelling van elke tipe drinkwater moet wees. Die ontginner moet dus deeglik bewus wees van die klassifikasie wat toegeskryf word aan dít wat ontgin word, en moet verseker dat hy of sy aan die dienooreenkomstige vereistes vir die bepaalde tipe water, soos deur die wet voorgeskryf, voldoen.

## Addisionele regsaspekte

'n Verdere aspek waaraan behoorlike aandag gegee moet word, is die etikettering en verpakkingsvereistes van gebottelde water. Volgens wetgewing is daar verskillende etiketteringsvereistes vir elke tipe water, maar in die algemeen moet produketikette aandui waar die water ontgin is, wat die chemiese en minerale-samestelling daarvan is, en of dit vonkel- of stilwater is.

Die besigheid van ontginning en verkoop van water is uiters ingewikkeld en die ontginner moet deeglik aan die regulatoriese raamwerk gehoor gee ten einde te voorkom dat boetes opgelê word en daar onnodige regsgedinge ontstaan. Voornemende ontginners word daarom ten sterkste aangeraai om regshulp in te win, om te verseker dat die fondasie van hul nuwe en opwindende besigheid stewig is. C

Vir meer inligting, kontak VDT Prokureurs by *www.vdt.co.za*, info@vdt.co.za of 012 452 1360.